# AGGAI

| | | |
|---|---|---|
| **Outeur** | **:** | **Aggai** |
| **Aan** | **:** | **Israeliete** |
| **Rede** | **:** | **Oor hulle geskiedenis.** |
| **Geskryf tussen** | **:** | **536-520 BCE** |

**Voorwoord.**
In ‘n aantal kort boodskappe wat Aggai van IEUE ontvang het, spoor die profeet die volk aan om die temple te herbou. IEUE beloof voorspoed en vrede aan ‘n gelouterde volk en verklaar dat hy besondere eer aan Sy dienaar Zerhubbabel sal gee.

## Die Bevel on Aleim se Huis te Bou.

1 In die tweede jaar van koning Daríus, op die eerste dag van die sesde maand, het die woord van IEUE deur die diens van die profeet Aggai gekom tot Zerhubbabel, die seun van Seáltiël, die goewerneur van Juda, en tot Iesou, die seun van Iósadak, die hoëpriester, en gesê:
2 So spreek IEUE van die leërskare: Hierdie volk sê: Nog het die tyd nie gekom, die tyd dat die huis van IEUE gebou moet word nie.
3 So het die woord van IEUE dan gekom deur die diens van die profeet Aggai en gesê:
4 Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê?
5 So sê IEUE van die leërskare dan nou: Gee ag op wat julle wedervaar het:

6 julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in ‘n stukkende beurs te steek.

7 So sê IEUE van die leërskare: Gee ag op wat julle wedervaar het!
8 Klim op die berg en bring hout aan en bou die huis; dan sal Ek ‘n welgevalle daaraan hê en My verheerlik, sê IEUE.
9 Julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas. Waarom? spreek IEUE van die leërskare. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop.
10 Daarom het die hemel bo julle die dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou.
11 En Ek het droogte oor die land geroep en oor die berge en oor die koring en oor die mos en oor die olie en oor alles wat die grond oplewer; en oor die mense en oor die diere en oor alle arbeid van die hande.
12 Toe het Zerhubbabel, die seun van Seáltiël, en Iesou, die seun van Iósadak, die hoëpriester, en die hele oorblyfsel van die volk gehoor gegee aan die stem van IEUE hulle Aleim en aan die woorde van Aggai, die profeet, volgens die opdrag waarmee IEUE hulle Aleim hom gestuur het; en die volk was vervul met vrees voor die aangesig van IEUE.
13 Daarop het Aggai, die boodskapper van IEUE, kragtens die boodskap van IEUE, met die volk gespreek en gesê: Ek is met julle, spreek IEUE.
14 En IEUE het die gees van Zerhubbabel, die seun van Seáltiël, die goewerneur van Juda, en die gees van Iesou, die seun van Iósadak, die hoëpriester, en die gees van die hele oorblyfsel van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en die werk begin aan die huis van IEUE van die leërskare, hulle Aleim.
15 Dit was op die vier en twintigste dag van die sesde maand, in die tweede jaar van koning Daríus.

## Die Heerlikheid van die Nuwe Tempel.

2 Op die een en twintigste dag van die sewende maand het die woord van IEUE deur die diens van die profeet Aggai gekom en gesê:
2 Spreek tog met Zerhubbabel, die seun van Seáltiël, die goewerneur van Juda, en met Iesou, die seun van Iósadak, die hoëpriester, en met die oorblyfsel van die volk en sê:
3 Wie is onder julle nog oor wat hierdie huis in sy vroeëre heerlikheid gesien het? En hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie net soos niks in julle oë nie?
4 Nou dan, skep moed, Zerhubbabel, spreek IEUE, en skep moed, Iesou, hoëpriester, seun van Iósadak, en skep moed, julle almal, volk

van die land, spreek IEUE, en werk! Want Ek is met julle, spreek IEUE van die leërskare,

5 met betrekking tot die verbond wat Ek met julle gesluit het by julle uittog uit Egipteland, en my Gees sal in julle midde bestendig bly; wees nie bevrees nie!

6 Want so sê IEUE van die leërskare: ʻn Rukkie nog, ʻn kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.

7 Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê IEUE van die leërskare.

8 Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek IEUE van die leërskare.

9 Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê IEUE van die leërskare; en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek IEUE van die leërskare.

10 Op die vier en twintigste van die negende maand in die tweede jaar van Daríus, het die woord van IEUE gekom deur die diens van die profeet Aggai en gesê:

11 So sê IEUE van die leërskare: Vra tog aan die priesters inligting uit die wet en sê:

12 As iemand heilige vleis in die slip van sy kleed dra, en hy sou met sy slip aan brood raak of iets wat gekook is, of wyn of olie of watter spys ook al, sal dit heilig word? En die priesters het geantwoord en gesê: Nee.

13 Daarop sê Aggai: As iemand wat deur ʻn lyk verontreinig is, aan al hierdie dinge sou raak, sal dit onrein wees? En die priesters het geantwoord en gesê: Dit sal onrein wees.

14 Toe antwoord Aggai en sê: Só is in my oë hierdie volk en só hierdie nasie, spreek IEUE, en só is al die werk van hulle hande en wat hulle dáár offer—onrein is dit.

15 Merk dan nou tog op, van hierdie dag af terug! Voordat hulle steen op steen gelê het in die tempel van IEUE,

16 in dié tyd het iemand gekom by ʻn koringmied van twintig maat, en daar was maar tien; hy het gekom by die parskuip om vyftig emmers te skep, en daar was maar twintig.

17 Ek het julle swaar getref met brandkoring en heuningdou en hael—al die werk van julle hande—nogtans het niemand van julle hom tot My gewend nie, spreek IEUE.

18 Merk tog op, van hierdie dag af terug, van die vier en twintigste dag van die negende maand, naamlik van die dag af toe hulle die fondament van die tempel van IEUE gelê het; merk op:

19 Is daar nog saad in die skuur? Ja, selfs die wingerdstok en die vyeboom en die granaatboom en die olyfboom het niks opgelewer nie. Van hierdie dag af sal Ek seën.

20 Vir die tweede maal het die woord van IEUE tot Aggai gekom op die vier en twintigste van die maand en gesê:

21 Spreek met Zerhubbabel, die goewerneur van Juda, en sê:

Ek sal die hemel en die aarde laat bewe.

22 En Ek sal die koningstrone omverwerp en die mag van die heidense koninkryke verdelg; en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp, en die perde en hulle ruiters sal val, die een deur die swaard van die ander.

23 In dié dag, spreek IEUE van die leërskare, sal Ek jou neem, Zerhubbabel, seun van Seáltiël, my kneg, spreek IEUE, en jou maak tot ʻn seëlring, want jou het Ek verkies, spreek IEUE van die leërskare.